PERSOONLIKE NOTAS

Forgiveness…

"Something that everyone needs…

eager to receive…

but very hard to give."

**Lesing 4: 'n Gevangene van Onvergewensgesindheid**

**Vrygespreek om ander vry te spreek**

Wanneer Jesus oor vergifnis praat, spreek Hy nie bloot 'n morele beginsel aan nie. Hy openbaar die hart van Sy Vader en die wese van Sy Koninkryk. Vergifnis is nie bloot 'n opsionele deel van die Christelike lewe wat ons na willekeur kan beoefen of nalaat nie; dit is die asem van die nuwe lewe wat Christus in ons gevestig het. Soos 'n rivier voortdurend moet vloei om vars water voort te bring, behoort die genade wat ons van God ontvang ook deur ons na ander te vloei. Wanneer hierdie stroom belemmer word, raak die water stil en verloor dit sy varsheid. Net so bring onvergewensgesindheid geestelike stagnasie in die lewe van 'n Christen.

Daarom leer Jesus Sy dissipels bid:

*"En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Matt. 6:12*

Hierdie eenvoudige woorde dra 'n diep geestelike waarheid. Jesus gebruik doelbewus die beeld van skuld. Elke mens wat doelbewus of onbewustelik teen ons sondig, word in hierdie sin 'n skuldenaar. Hy het iets van ons *"gesteel."* Dit kan ons vrede wees, ons vertroue, ons reputasie, ons vreugde of selfs jare van ons lewe. Vanuit The Passion Translation lees ons: *"Forgive us the wrongs we have done as we ourselves release forgiveness to those who have wronged us."*

Die Lewende Bybel stel dit net so duidelik: *"Vergeef ons waar ons skuldig is soos ons ook ander mense vergewe wat teen ons verkeerd doen."*

Let daarop dat Jesus nie sê dat ons eenvoudig moet probeer vergeet wat gebeur het nie. Hy gebruik die taal van vrystelling. Vergifnis beteken dat jy iemand **vryspreek** van die skuld waarvoor jy hom of haar in jou siel aanspreeklik hou. Dit is om doelbewus afstand te doen van jou aanspraak op vergelding, sonder om die onreg te ontken of goed te praat, en die saak aan God se regverdige oordeel toe te vertrou.

Hierdie beginsel word op meesterlike wyse geïllustreer in die bekende gelykenis van die onbarmhartige dienskneg in Matthéüs 18:23-35. Hierdie verhaal is veel meer as 'n les oor menslike verhoudings. Dit is 'n prentjie van die Evangelie self. Jesus wys daarin hoe groot ons eie skuld teenoor God was en waarom iemand wat werklik God se genade verstaan, eenvoudig nie anders kan as om dieselfde genade aan ander uit te deel nie.

**'n Onbetaalbare skuld**

Jesus vertel van 'n koning wat besluit het om sy rekeninge met sy diensknegte te vereffen. Tydens hierdie proses word 'n man voor hom gebring wat tienduisend talente geskuld het.

Die omvang van hierdie skuld is byna ondenkbaar. In die tyd van Jesus was een talent gelyk aan ongeveer sesduisend pennings, en 'n gewone arbeider het ongeveer een penning per dag verdien. Dit sou dus ongeveer twintig jaar se arbeid neem om net een talent terug te betaal. Hierdie dienskneg het nie een talent geskuld nie, maar tienduisend.

Selfs al sou hy elke sent wat hy ooit verdien het, kon spaar, sou hy nooit hierdie skuld kon delg nie. Trouens, die totale belasting-inkomste van verskeie provinsies saam was minder as die bedrag wat hierdie een man geskuld het. Jesus gebruik doelbewus 'n buitensporige bedrag om een waarheid duidelik te maak: hierdie **skuld was menslik onbetaalbaar.**

Hierdie dienskneg het waarskynlik 'n uiters belangrike posisie in die koninkryk beklee. Dat hy soveel skuld kon opbou en persoonlik voor die koning verskyn, dui daarop dat hy iemand van aansien en groot verantwoordelikheid was. Maar selfs sy posisie kon hom nie red nie. Sy skuld het hom volkome magteloos gemaak.

Hierin sien ons die toestand van die hele mensdom.

**Die mens se grootste skuld**

Die gelykenis wys veel verder as geld. Dit openbaar die mens se geestelike toestand ná die sondeval.

Toe Adam in Génesis 3 van die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad geëet het, het die mens sy verhouding met God verloor. Die mens het begin leef volgens sy eie insigte, sy eie begeertes en sy eie planne. Hy het onafhanklik van God begin funksioneer.

Paulus beskryf hierdie toestand soos volg: *"Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Rom. 3:23*

Hierdie vers word dikwels verkeerd verstaan. Baie mense dink sonde is bloot die verkeerde dinge wat ons doen. Die Bybel leer egter iets veel dieper.

Sonde is in die eerste plek 'n **toestand** voordat dit 'n **daad** is.

Die Griekse woord vir sonde, *"Hamartia,"* beteken letterlik *"om die merk te mis."* Die mens mis God se oorspronklike Skeppersdoel soos geopenbaar in Génesis 1:26-28. Hy leef nie meer vanuit die Boom van die Lewe, naamlik 'n verhouding met God nie, maar vanuit die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad, waar die eie-ek bepaal wat reg en verkeerd is.

Hierdie waarheid is uiters belangrik om te verstaan.

'n Mens word nie 'n sondaar omdat hy vloek, steel of jok nie. Hierdie dinge is die **vrug** van 'n dieper probleem. Net soos 'n boom

PERSOONLIKE NOTAS

PERSOONLIKE NOTAS

*Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Maar God het Hom verant-woordelik gemaak vir al ons sondes asof Hy dit self gedoen het. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie." 2 Kor. 5:21, LB.*

volgens sy natuur die vrug voortbring wat by daardie natuur pas, so bring die sondige toestand die werke van die vlees voort. Die verkeerde dade is dus nie die wortel van die probleem nie, maar die **vrug** daarvan. Paulus beskryf hierdie werke in Galásiërs 5:19-21, maar hierdie werke is nie die wortel nie; hulle is die gevolg van die **wortel.**

Dit beteken ook dat godsdiens nooit die probleem kan oplos nie.

**Waarom godsdiens nie genoeg is nie**

Van die vroegste tye af probeer die mens sy skuld teenoor God self betaal. Sommige probeer dit deur goeie werke. Ander deur streng dissipline, godsdienstige rituele of morele selfverbetering. Maar al hierdie pogings is uiteindelik niks anders nie as die dienskneg wat die koning vra:

*"...wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal." Matt. 8:26*

In die oorspronklike Grieks vra hy eintlik: *"Gee my net uitstel. Gee my nog tyd."*

Hoe tragies. Hy verstaan glad nie die omvang van sy skuld nie. Selfs al sou die koning hom nog honderd leeftye gee, sou hy steeds nie naby daaraan kom om sy skuld af te betaal nie. Is dit nie dikwels die gesindheid van godsdiens nie?

Ons probeer beter leef. Ons probeer harder werk. Ons probeer meer bid, meer gee, meer dien en meer dissipline toepas, asof ons daar-deur ons skuld voor God kan verminder. Maar die Evangelie verkondig iets totaal anders.

Christenskap is nie die verbetering van die ou mens nie. Dit is die geboorte van die nuwe mens. Die sonde-toestand word nie deur menslike inspanning genees nie. Dit word slegs deur die weer-geboorte beëindig. Wanneer 'n mens Jesus Christus as Verlosser aanneem, word hy nie bloot 'n beter mens nie; hy ontvang 'n nuwe lewe.

Daarom skryf Paulus: *"Death once held us in its grip... But now, how much more are we held in the grip of Grace..." Rom. 5:17, tPt.*

Wat eens onder die heerskappy van sonde was, word nou onder die heerskappy van genade geplaas.

Jesus bevestig dieselfde waarheid in Johannes 8:32, 36:

*"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."*

Hierdie waarheid verander alles. 'n Christen is dus nie iemand wat bloot sekere waarhede glo of sekere godsdienstige gebruike beoefen nie.

Paulus stel dit eenvoudig:

*"Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie!" 2 Kor. 13:5*

Die wese van Christenskap is dat Christus in die weergebore mens kom woon.

**Die wonder van volkome kwytskelding**

Die koning luister aandagtig na die dienskneg se smeking, maar gee hom nie waarvoor hy vra nie. Die man pleit bloot vir uitstel. Hy glo dat 'n bietjie meer tyd hom uiteindelik in staat sal stel om sy skuld af te betaal. Wat hy egter nie begryp nie, is dat sy skuld so astronomies groot is dat geen hoeveelheid tyd dit ooit sou kon uitwis nie. Selfs al sou hy die res van sy lewe werk en nie een sent aan homself bestee nie, sou hy steeds nie daarin kon slaag om sy skuld te vereffen nie.

Die koning reageer egter op 'n wyse wat alle menslike logika oortref. In plaas daarvan om die dienskneg meer tyd te gee of 'n paaiementstelsel in werking te stel, doen hy iets wat niemand sou verwag nie. Matthéüs 18:27 beskryf dit só:

*"En die heer van daardie dienskneg het **innig jammer** vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die **skuld kwytgeskeld**."*

Hierdie enkele vers openbaar die hart van die Evangelie. Die koning stel nie bloot die betaling uit nie; hy skryf die skuld af. Die dienskneg staan nie langer as 'n skuldenaar voor hom nie. Hy word **volkome vrygespreek.** Dit is genade in sy suiwerste vorm: om te ontvang wat jy nooit kon verdien nie en om vrygespreek te word van 'n skuld wat jy nooit self sou kon betaal nie.

Dit beteken egter nie dat die skuld eenvoudig verdwyn het nie. Skuld los homself nooit op nie. Iemand moet altyd die prys betaal. In hierdie gelykenis kies die koning om self die verlies te dra. Hy neem die geweldige finansiële verlies op homself sodat die dienskneg vry kan wegstap. Dit is juis die wonder van die Evangelie. Aan die Kruis van Gólgota het God in Christus die volle prys van ons sondeskuld op Hom geneem. Jesus het nie ons skuld gedeeltelik verminder of vir ons 'n makliker manier gegee om dit af te betaal nie. Hy het dit **volkome uitgewis.** Daarom is ons redding van begin tot einde 'n daad van God se onverdiende guns en genade.

Die tragiese ironie van hierdie gelykenis is egter dat daar geen aanduiding is dat die dienskneg ooit die omvang van hierdie genade werklik begryp het nie. Nêrens lees ons dat hy die koning met diepe dankbaarheid bedank of verwonderd staan oor die enorme prys wat namens hom betaal is nie. Dit lyk byna asof hy die kwytskelding as vanselfsprekend aanvaar het.

**PERSOONLIKE NOTAS**

PERSOONLIKE NOTAS

Hy besef nie hoe hopeloos sy toestand was nie, en daarom besef hy ook nie hoe groot die koning se ontferming was nie. Juis hierdie gebrek aan openbaring word die keerpunt van die verhaal. ‘n Mens wat nie die diepte van die genade verstaan wat hy self ontvang het nie, sal uiteindelik ook sukkel om dieselfde genade aan ander te bewys. Die hart wat nie deur dankbaarheid verander is nie, bly maklik gevange in selfgerigtheid, en dit is presies wat ons in die volgende gedeelte van die gelykenis sien ontvou.

**Wanneer genade ontvang word, maar nie uitgedeel word nie**

Die verhaal neem nou ‘n dramatiese wending. Die dienskneg wat pas van ‘n ondenkbare skuld kwytgeskeld is, verlaat die koning se teenwoordigheid as ‘n vry man. ‘n Mens sou verwag dat iemand wat so pas so ‘n buitengewone bewys van genade ontvang het, met ‘n hart vol dankbaarheid sou leef. ‘n Mens sou verwag dat sy hele lewe verander sou wees, dat hy nou met dieselfde barmhartigheid sou optree as wat aan hom bewys is. Maar presies die teenoorgestelde gebeur.

Kort nadat hy uit die koning se teenwoordigheid vertrek het, ontmoet hy ‘n medediensknneg wat hom honderd pennings skuld. Teenoor die tienduisend talente waarvan hy pas kwytgeskeld is, was hierdie bedrag byna onbeduidend. Dit was ‘n skuld wat binne ‘n paar maande terugbetaal kon word. Wat vir die eerste dienskneg ‘n klein bedrag moes gewees het, word egter in sy oë ‘n saak waarvoor hy geen genade wil betoon nie.

Matthéüs 18:28 beskryf sy optrede op skokkende wyse:

*“Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy mede-diensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.”*

Hoe tragies is hierdie toneel. Die hande wat pas deur genade losgemaak is, gryp nou iemand anders aan die keel. Die man wat self barmhartigheid ontvang het, bewys geen barmhartigheid nie. Hy wat vrygespreek is, weier om iemand anders vry te spreek. Hierdie gedeelte openbaar ‘n diep geestelike waarheid. Dit is moontlik om die taal van genade te ken sonder dat die werklikheid van genade jou hart verander het. Die dienskneg het wel die voordele van die koning se vergifnis ontvang, maar hy het nooit die koning se hart leer ken nie. Sy skuld is afgeskryf, maar sy denke het nie verander nie.

**Die toets van ‘n veranderde hart**

Die medediensknneg reageer op presies dieselfde wyse as wat die eerste dienskneg enkele oomblikke tevore voor die koning gereageer het.

Matthéüs 18:29 sê:

*“Sy medediensknneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.”*

Hierdie versoek verskil egter op een belangrike punt van die eerste dienskneg se pleidooi. Anders as die astronomiese skuld van tien-duisend talente, was hierdie skuld realisties. Hierdie man kon inderdaad, met tyd en harde werk, sy honderd pennings terugbetaal. Sy versoek was dus redelik. Die ware betekenis van hierdie gelykenis strek egter nog dieper. Die eerste dienskneg het vergeet dat niks meer werklik aan hom behoort het nie. As die koning hom nie kwytgeskeld het nie, sou elke muntstuk wat hy ooit ontvang het, steeds aan die koning behoort het. Selfs die honderd pennings wat sy medediensknег hom geskuld het, sou uiteindelik nie syne gewees het nie, maar die koning s'n.

Toe die koning hom egter volkome van sy skuld vryspreek, gee Hy hom ook die vryheid om ander los te laat. Hier lê die hart van die Evangelie. God het nie net óns skuld uitgewis nie; Hy het ons ook geroep om draers van dieselfde genade te wees. Ons kan nie aanspraak maak op God se vergifnis en terselfdertyd ander mense onder die gewig van húlle skuld laat leef nie. As God ons volkome kwytgeskeld het, hoe kan ons dan aanhou om ander aanspreeklik te hou?

**Opsomming**

Vergifnis is nie 'n opsionele deel van die Christelike lewe nie, maar 'n uitdrukking van die genade wat ons in Christus ontvang het. Dit beteken nie dat ons die onreg ontken, goedpraat of probeer vergeet nie. Ons spreek die oortreder vry van die skuld waarvoor ons hom of haar in ons siel aanspreeklik hou, doen afstand van ons aan-spraak op vergelding en vertrou die saak aan God toe.

Die gelykenis van die onbarmhartige dienskneg in Matteus 18:23-35 toon dat ons sondeskuld teenoor God menslik onbetaalbaar was. Geen goeie werke, godsdienstige aktiwiteite of selfverbetering kon dit vereffen nie. Die Koning het egter die al die skuld kwytgeskeld en self die verlies gedra. Dit beeld uit hoe Christus aan die Kruis die volle prys betaal het sodat ons vrygespreek en deur weerge-boorte onder die heerskappy van genade geplaas kon word.

Die dienskneg het egter die genade wat hy ontvang het nie aan sy medediensknег bewys nie. Sy skuld was afgeskryf, maar sy denke en gesindheid het onveranderd gebly. Die ware toets of ons God se genade verstaan, is daarom ons bereidwilligheid om ander vry te spreek. Wie begryp hoeveel hom of haar vergewe is, kan nie aanhou om ander onder die gewig van hul skuld gevange te hou nie.

Onvergewensgesindheid hou egter nie net die oortreder in ons innerlike skuldboek gevange nie; dit bind ook ons eie siel aan die pyn van die verlede. Wanneer ons vergewe, verklaar ons nie dat die onreg onbelangrik was nie, maar dat dit nie langer ons gedagtes, emosies en optrede sal beheer nie. Ons plaas die saak in God se hande en laat die genade wat ons ontvang het weer deur ons vloei.

PERSOONLIKE NOTAS

**Besprekingsvrae**

1. Waarom is vergifnis nie ‘n opsionele deel van die Christelike lewe nie?

2. Waarom gebruik Jesus in Matthéüs 6:12 die beeld van skuld?

3. Beteken vergifnis dat ons die onreg moet vergeet of goedpraat?

4. Wat stel die tienduisend talente in die gelykenis voor?

5. Wat beteken die Griekse woord *“Hamartia?”*

6. Waarom kan godsdienstige aktiwiteite en goeie werke nie die mens se skuld betaal nie?

7. Wat openbaar die koning se kwytskelding oor die Evangelie?

8. Waarom het die eerste dienskneg geweier om sy mededienskneg te vergewe?

9. Wat is die betekenis van die verskil tussen die twee skulde?

10. Wat is die belangrikste praktiese boodskap van hierdie lesing?

**Besprekings Antwoorde**

1. Vergifnis vloei voort uit die nuwe lewe wat Christus in die Christen gevestig het. Ons vergewe nie bloot omdat dit 'n mooi morele daad is nie, maar omdat ons self deur God se genade vrygespreek is. Soos 'n rivier voortdurend moet vloei om vars water voort te bring, behoort die genade wat ons ontvang ook deur ons na ander te vloei. Wanneer ons weier om te vergewe, word hierdie stroom belemmer en ontstaan daar geestelike stagnasie in ons siel.

2. Wanneer iemand teen ons sondig, beleef ons dit dikwels asof iets kosbaars van ons weggeneem is. Dit kan ons vrede, vertroue, vreugde, waardigheid, reputasie of selfs jare van ons lewe wees. Die persoon word dan in ons siel 'n skuldenaar van wie ons betaling of vergelding verwag. Vergifnis beteken dat ons hierdie skuldrekening aan God oorhandig en ophou om die oortreder persoonlik daarvoor aanspreeklik te hou.

3. Nee. Vergifnis vra nie dat ons moet voorgee dat niks gebeur het of dat die oortreder se optrede aanvaarbaar was nie. Dit beteken dat ons die persoon vryspreek van die skuld waarvoor ons hom of haar in ons siel aanspreeklik hou. Ons doen doelbewus afstand van ons aanspraak op vergelding en vertrou die saak aan God se regverdige oordeel toe. Die onreg word dus nie ontken nie, maar dit word uit ons hande in God se hande geplaas.

4. Die tienduisend talente verteenwoordig 'n skuld wat geen mens ooit sou kon terugbetaal nie. Jesus gebruik hierdie buitengewone bedrag om die mens se geestelike toestand voor God uit te beeld. Ons probleem is nie net dat ons enkele verkeerde dinge gedoen het wat deur goeie werke reggestel kan word nie. Die mens het van God vervreem geraak en Sy oorspronklike Skeppersdoel gemis. Daarom het ons nie bloot verbetering nodig nie, maar 'n nuwe lewe wat slegs Christus kan gee.

5. *"Hamartia"* beteken letterlik *"om die merk te mis."* Die merk is God se oorspronklike doel vir die mens, soos dit in Génesis 1:26-28 beskryf word. Die mens is geskape om vanuit verhouding met God te leef en Sy beeld in die aarde sigbaar te maak. Ná die sondeval het die mens onafhanklik van God begin funksioneer. Die verkeerde dade van die mens is dus die vrug van hierdie dieper sondetoestand en nie die oorspronklike wortel van die probleem nie.

6. Godsdienstige inspanning probeer dikwels die ou mens verbeter deur reëls, rituele, dissipline en goeie werke. Hierdie dinge kan uiterlike gedrag beïnvloed, maar kan nie die mens se geestelike natuur verander nie. Die dienskneg se versoek om meer tyd toon dat hy nie die omvang van sy skuld verstaan het nie. Geen hoeveelheid tyd of inspanning sou genoeg wees om dit te betaal nie. Daarom is Christenskap nie die verbetering van die ou mens nie, maar die geboorte van 'n nuwe mens deur weergeboorte.

7. Die koning gee nie bloot meer tyd of 'n makliker terugbetalingsplan nie. Hy skryf die al die skuld af en dra self die verlies. Dit beeld uit wat God deur Jesus Christus aan die Kruis gedoen het. Christus het nie ons skuld net verminder of die betaling daarvan uitgestel nie; Hy het die volle prys gedra. Ons redding is daarom nie 'n beloning vir geestelike prestasie nie, maar 'n gawe van God se onverdiende genade waardeur ons volkome vrygespreek word.

8. Hoewel sy skuld afgeskryf is, het sy denke en gesindheid nie verander nie. Hy het die voordeel van die koning se genade ontvang, maar het nie die omvang daarvan begryp nie. Omdat hy nie besef het hoe hopeloos sy eie toestand was nie, het hy ook nie verstaan hoe groot die koning se ontferming teenoor hom was nie. Daarom kon hy 'n klein skuld belangriker ag as die buitengewone genade wat hy pas ontvang het.

9. Die eerste dienskneg se skuld van tienduisend talente was heeltemal onbetaalbaar. Die mededienskneg se skuld van honderd pennings was betreklik klein en kon met tyd vereffen word. Hierdie geweldige verskil wys hoe gering ander mense se skuld teenoor ons is wanneer dit vergelyk word met die skuld waarvan God ons in Christus vrygespreek het. Jesus leer ons daarmee dat iemand wat die omvang van God se

genade verstaan, dieselfde genade aan ander behoort te bewys.

10. Die belangrikste boodskap is dat genade wat werklik ontvang en verstaan word, deur ons na ander sal vloei. Ons kan nie dankbaar op God se kwytskelding aanspraak maak en terselfdertyd ander mense onder die gewig van hul skuld hou nie. Wanneer ons vergewe, ontken ons nie die onreg nie, maar weier ons om langer deur die pyn en die verlede beheer te word. Ons spreek die oortreder vry, vertrou die saak aan God toe en tree self uit die geestelike gevangenskap van onvergewensgesindheid.